Tema: Wees meer dankbaar vir alles wat God doen!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 205: 1,2
Lied 203: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 111 - 2: 1,2
Votum
Seën
Loflied Sb 5 - 3: 1,2
Geloofbelydenis uit NGB artikels 1 en 2.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 20
Sing na die wet Sb 9 - 1: 10,11
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing:1 Tes 1: 1 – 10 en 1 Tes 5: 18;
Teksverse: 1 Tes 1: 2 – 5 en 5: 18
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 103 - 1: 1,9
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons gemeente het ’n ongelooflike jaar tot dusver beleef! ’n Jaar waarin die Here ons so oorvloedig geseën het. Ons het ons predikantsbediening aangevul met hulpdiens van ds. Pieter en prof Herrie en ons jeug deur die hulpdiens van Jaco en Hanno en dit het tot groot opbou gedien. Ons katkisasie-opleiding kon sonder hindernis elke Sondag wat daarvoor bestem was, plaasvind.

Ons het wegspring met die Vlamvatprojek wat alreeds mooi vrugte in ons gemeentelike bediening oplewer. Die Here het ons geseën met gawes in mense wat op verskillende vlakke leiding kon neem en kon dien! Op finansiële terrein het die Here ons dankoffers en fondsinsamelingsprojekte geseën sodat ons daar nie bekommernis het nie.

Ons het wonderlike gemeentelike aktiwiteite soos die Kinderfees en ons Dankbaarheidsfees beleef. Ons kon deur die genade van die Here die eenwordingsproses met Mooirivier gemeente deur die genade van die Here mooi laat gebeur.

Ja, natuurlik was daar ook hierdie jaar foute en tekortkominge in ons gemeentelike bediening. Ons moet bely dat ons skoolgaande jeug se bediening nog veel te wense oorlaat en ons moet hard daaraan werk. Daar is ongelukkig vakante ouderlingsposte in groepe waar lidmate nie behoorlike bediening ontvang het nie.
En daar was ook diep beproewinge waardeur baie lidmate moes gaan van siekte, terugslae en selfs dood.

Maar brs en srs, is dit nie so dat ons in ons gemeentelike lewe die klem te veel laat val op die negatiewe in plaas van die positiewe dinge nie? Ons kan gou kla oor alles wat verkeerd is in die kerk in plaas daarvan om op te let na die goeie en positiewe dinge wat gebeur. Dit gebeur so maklik dat ons ‘n negatiewe ingesteldheid oor ons lewe inneem in plaas daarvan om te fokus op die positiewe dinge wat die Here ons gee.

Daarom, geliefde gemeente, kom die Here vanmore om ons te laat nadink oor ons dankbaarheidslewe! Sê ons genoeg dankie vir alles wat God in en deur ons gemeente doen?! Is ons in ons alledaagse lewe dankbaar genoeg vir alles wat God vir ons persoonlik doen?

Daarom is die boodskap vanmore: **Wees meer dankbaar vir alles wat God doen**! Ja, sê Paulus in hf 5: 18 : **wees in alle omstandighede dankbaar! Ook as dit dan met jou sleg gaan!**

Br en sr, ons het twee Sondae terug ’n wonderlike Nagmaalsviering beleef. Gewoonlik roep die Nagmaal ons ook op om dieper dankbaar te wees vir dit wat God aan ons gedoen het! Kom ons vra dan vanmore vir mekaar:
Sê ons genoeg dankie? Is ons daaglikse lewe ’n toonbeeld van dankbare mense wat werklik besef watter genade ons persoonlik en ons as gemeente van God ontvang?

Ons gaan in ons teksgedeelte hoofsaaklik na twee dinge kyk:
1. Wat God die Vader, Seun en Heilige Gees in die gemeente doen!
2. Na 3 dinge wat God deur die lidmate van die gemeente doen!

Kom ons kyk in ons teks in **die eerste plek na wat God IN DIE GEMEENTE doen** sodat ons dié dinge kan raaksien waaroor ons bly en dankbaar kan wees.

In vers 1: die gemeente en daarom elke lidmaat behoort aan God die Vader. **Wat 'n wonderlike vertroostende gedagte. Die gemeente is uit God gebore. God is** die bron en nie mense nie! Die gemeente se lewe is in God geanker en is nie afhanklik van die doen en late van mense nie! God is die begin en die einde van die gemeente se lewe! En dit wat hier gebeur is nie van mense afkomstig nie! Dit is nie die resultaat van die predikante of ander ampsdraers of betrokke lidmate se werk nie – dit is God se werk!

Net so is my en jou persoonlike lewe uit God gebore! Ons behoort elkeen aan die God ons Vader en ons lewe is veilig in sy hand. **Hoekom kla ons dan so maklik en bekommer ons ons dood oor baie dinge**? God is die bron waaruit ons lewe en Hy sorg vir ons.

Maar die gemeente behoort op 'n besonder manier aan God die Vader.
Ons **behoort aan Hom deur Jesus Christus, ons Here.** Jesus is God wat mens geword het en deur die Vader gesalf is tot Verlosser! Hy het ons aan die kruis losgekoop het van die donker wêreld van sonde en negatiwiteit en ons gebring het in die wonderlike positiewe wêreld van God! In vers 10 word die klem **geplaas op Christus se opstanding uit die dood! Met sy opstanding het Hy ons deel gemaak van God se nuwe wêreld.**

'n Wêreld, sê Paulus in vers 2, van genade en vrede! Daar is vir ons genade in Christus wat vir ons God se vrede bring! Vrede met God en vrede met ons lewe in hierdie wêreld. Wat meer kan 'n mens begeer?

Vers 4 sê nog veel meer van God.
Daar staan dat God ons liefhet en dat Hy ons in liefde uitverkies het tot die geloof! Br en sr, wat 'n voorreg om deur God liefgehê te word! Wat 'n voorreg en genade om gekies te wees tot die geloof. Om te weet dat wat ek is en het is uit God en deur God! As God ons as gemeente liefhet en ook elkeen van ons indiwidueel – waarom vrees ons die wêreld?
Ons leer tog in die Skrif dat niks ons uit van hierdie liefde van God kan skei nie. **Niks wat met ons hier gebeur kan ooit God se liefde blus of Hom daarvan weerhou om daardie liefde in oorvloed aan ons te bewys nie! Is die nie ongelooflike rede tot dankbaarheid nie?**

Is dit nie die rede waarom ons gemeente nou nog bestaan en soveel oorvloed van die Here ontvang nie? En dan kla ons oor onbenullige dinge wat ons dink ons kortkom of wat vir ons probleme sou skep terwyl God se liefde vir ons alles gee wat ons nodig het! Dit het Hy belowe.

God, die Heilige Gees het ook wonderlike dinge vir ons gedoen. Op grond van God se uitverkiesende genade het **Hy aan ons die Woord laat verkondig en op grond daarvan kragtige geloof geskenk.** 'n Geloof volgens vers 5 wat ons tot volle oortuiging gebring het. Ons hoef aan niks wat God ons in sy Woord sê te twyfel nie. Dit staan vas. Al sê die wêreld vandag ook al wat oor God en sy Woord – ons het 'n vaste geloof!

So geliefdes, word die Woord van God in hierdie gemeente deur die Heilige Gees verkondig. Woordverkondiging op verskillende vlakke wat mense tot geloof lei en hulle 'n vaste oortuiging in hulle gemoed gee. Ook vir jou en my!

Hoevele kinders is al hier gedoop? Hoevele lidmate het al hier belydenis van geloof afgelê. Hoevele lidmate het al oor die loop van jare hier gesit en na die Woord geluister en hulle geloof gevoed?. Hoevele huisbesoek is al gedoen waar die Woord verkondig is? Hoevele

siekes, bedroefdes, moedeloses, bekommerdes, eensames en bejaardes is al hier deur die Gees en sy Woord vertroos, opgetel, bemoedig en geïnspireer? Op watter kragtige wyse is die onderlinge liefde van lidmate nie in kleingroepe en op ander wyses aan mekaar betoon nie! Op watter besondere maniere was lidmate van hierdie gemeente nie al lig en sout in ons gemeenskap nie?

Geliefde, brs en srs, dit is alles God se werk en ons moet daaroor bly en dankbaar wees! Kom ons fokus meer op die goeie en positiewe dinge in ons kerk en raak bewus van hoe oorvloedig die Here ons seën –want dan sal ons ook hoop skep vir die uitdagings was nog wag

Die Heilige Gees gee ook aan gelowiges ware blydskap waarmee ons in hierdie wêreld kan leef. Blydskap waarmee ons kan fokus op al die positiewe en goeie dinge wat God vir ons gee.

Kom ons kyk in die tweede plek na die dinge wat God DEUR DIE LIDMATE VAN DIE GEMEENTE doen. Want op grond van dit wat God in die gemeente doen, kan gelowiges ook positiewe en goeie dinge doen.

Paulus verwys in vers 3 na **3 geloofsdade** wat die gelowiges in Tessalonika gedoen het en waarvoor Hy die Here dank. **Hy praat eerstens van die "werk van hulle geloof", tweedens van "die inspanning van hulle liefde" en derdens van die "volharding van hulle hoop" Paulus dank God vir sy genade in en deur mense – dat mense kan** glo, lief hê en hoop.

Kom ons kyk eers na die "werk van hulle geloof". Dit word verder in vers 5 en 6 uitgebou. **Hierdie gelowiges het nooit getwyfel in God se Woord nie, maar met volle oortuiging geglo!** Sien ons dit nie ook in ons eie lewe nie? Hoedat God aan ons vaste sekerheid in die geloof gee en tog bevraagteken ons so baie dinge?

Paulus sê die mense het op grond van hulle geloof **volgelinge van Jesus geword.** Mense wat Christus se voorbeeld volg – wat doen wat Hy hulle beveel**! Meer nog – hulle het in moeilike omstandighede die Woord met blydskap aangeneem**!
In moeilike omstandighede? Net soos vandag en ons het geloof om dit met aan te pak! Ons kan met geloof alles doen waartoe God ons roep! Midde in 'n vyandige wêreld wat van God en sy kerk niks wil weet nie, kan ons volgelinge van Jesus wees! Ons kan hier leef soos God wil en nie soos die wereld wil nie!
Is dit nie iets om God oor te dank nie!

Vers 7 – 9 vertel in die tweede plek in meer detail van die "inspanning van hulle liefde". Die gemeentelede het met hulle liefdevolle lewenswandel deur God 'n **voorbeeld** vir baie mense geword. Hoe sien ons hulle ook nie hier in ons gemeente nie! Mense wat met liefde die Here dien en vir ons 'n voorbeeld is.
Van hierdie gemeente af is die Woord kragtig en effektief verder verkondig in die hele streek! Wat 'n wonderlike getuigskrif vir hierdie gemeente! Daar staan letterlik: hulle die Woord "voort-ge-eggo" of "hardop laat trompetter". Is dit nie ook wat in die jare deur hierdie gemeente gedoen is en nog steeds gedoen word nie!
Daarvoor kan ons die Here dank!

Vers 9 sê: die **liefde van God het die gelowiges van Tessalonika geïnspireer om hulle van hulle sonde te bekeer en God van harte te dien!** God se liefde dwing tot bekering!

Mag dit ook van ons gesê word! En daarom moet ons dankbaar wees vir God se liefde en daarop fokus sodat dit ons kan oortuig om van sonde weg te vlug!

Vers 10 praat laastens oor die "volharding van hulle hoop". Nooit het die gemeente moedeloos geword nie. Nooit hulle fokus op die toekoms verloor nie en met die volle verwagting dat Christus weer kom – hulle werk gedoen. Net so werk God vandag deur die Woord en die Heilige Gees hierdie hoop in ons sodat ons die toekoms met blydskap tegemoet kan gaan! Ja, daar is hoop – al lyk dinge hoe sleg in die wêreld rondom ons! **Want ons hoop is in God!**

Brs en srs, so werk God ook deur hierdie gemeente deur elkeen van ons! Dat ons ook vir mekaar kan sê: ek dank God vir julle! Elke lidmaat, groot en klein, elkeen op ons op sy of haar manier volgens elkeen se gawes! Dankie vir wat elkeen hier deur die genade van God kan doen!

Kom ons sê vandag ook vir Hom dankie vir wat Hy in en deur hierdie gemeente doen. Kom ons sien ons seeninge raak, sien wat God doen en sien wat God deur ons almal doen! Kom ons sê vanmore: dankie Here! Dankie vir wat U doen en wat U deur ons doen!

Mag die werk van ons geloof, die inspanning van ons liefde en die volharding van ons hoop ook duidelik gesien word in die wyse waarop ons met dankbaarheid die Here dien.

Kom ons hou op om altyd net die negatiewe en slegte dinge raak te sien. Kom ons fokus op die positiewe en goeie dinge wat God in en deur ons doen en ons wees meer dankbaar!

Gaan dan nou hierdie week en maak ŉ bietjie in jou eie lewe ŉ opname van al die seëninge wat God jou gee. Kla minder en wees meer dankbaar teenoor die Here.

Amen